Uitnodiging na Predikantekonferensie 4 – 6 Maart 2019, DV

Herlewing - God aan die Werk

Liewe mede-dienaar van die Here

U word hartlik uitgenooi na die een-en-twintigste KwaSizabantu Predikante-konferensie in Suid-Afrika wat beplan word vir **4 – 6 Maart 2019**, DV. Hierdie uitnodiging word aan u as dienaar van die Here gerig, en sluit u gade en enige kollegas en vriende in die Here se diens in. Die konferensie strek vanaf Maandagaand tot Woensdagaand, sodat u die naweke by u eie gemeentes kan wees.

Met die 2019 konferensie wil ons die Here se dienaars graag aanmoedig om getrou te bly aan die Woord van God ten spyte van deesdae se baie uitdagings en teenkanting. Baie waardes in die samelewing is aan die verskuif, maar Gods Woord bly dieselfde – gister, vandag en vir altyd. Dit is nog van toepassing op hierdie geslag en sal nooit verouderd raak nie. God werk nog steeds en herlewing is nog steeds 'n werklikheid. Vandaar die tema: ***Herlewing – God aan die Werk***. Ons as dienaars van die Here het nodig om te leer om met God te wandel sodat God Sy seën kan gee op ons werk, in watter deel van Sy wingerd Hy ons ookal geplaas het.

Ons sien uit na 'n tyd van verfrissing en gemeenskap met u almal.

Voel asseblief vry om hierdie uitnodiging aan te stuur aan u kollegas en vriende in die bediening. Enige iemand wat by Christelike werk betrokke is, is hierby ingesluit en welkom om te kom.

SPREKERS:

Ons het reeds bevestiging van die meeste sprekers ontvang, en meer inligting sal mettertyd op die KwaSizabantu webblad beskikbaar gemaak word – www.ksb.org.za.

REGISTRASIE:

Laat ons asseblief so gou moontlik weet of u kan kom – per e-pos aan reception@ksb.org.za, of kontak ons telefonies of per faks (sien kontakbesonderhede onderaan). Meld al die name, en spesifiseer asseblief mans, dames en egpare.

Daar is ook 'n aanlynregistrasie-opsie op ons webblad by https://www.ksb.org.za/mc2019/ .

Hoewel verblyf en voedsel gratis voorsien word, wil ons vra dat u u eie beddegoed saambring, indien moontlik – met uitsondering van dié wat per vliegtuig kom. Ons help graag met vervoer vanaf King Shaka Internasionale Lughawe en Durban stasie / bushalte vir diegene wat van ver af per bus of vliegtuig aankom. Laat gerus weet wanneer en waar ons u kan afhaal.

Dit is ons gebed dat hierdie konferensie daartoe sal dien dat elkeen van Sy dienaars sal ervaar hoe God aan die werk is in sy eie lewe, en in sy bediening.

Ons sien uit om van u te hoor.

In Sy liefde

(geteken) Erlo Stegen
Direkteur, KwaSizabantu Sending

Watchmen upon the walls

Tel: +27 (0) 32 481 5700
Faks: +27 (0) 32 481 5710
E-pos: ministersconference@ksb.org.za
Web: www.ksb.org.za
Privaatsak 252, KwaSizabantu, 3285

NS. Indien u hierdie uitnodigings en ander inligting in die toekoms per pos of e-pos wil ontvang, stuur asseblief u besonderhede vir ons sodat ons u op ons databasis kan plaas.